

## **Dissipline**

Grense (dissipline) beteken vir elke mens: groot en klein:

Veiligheid / sekuriteit

Geborgenheid

Geluk en afwesigheid van konflik

### **PROSEDURE VIR ROOIKAARTGEBRUIK.**

1. Elke registerpersoneelid verduidelik die prosedure aan die leerders op die eerste dag van skool. Die leerders teken dan die kode in hul huiswerkboeke.
2. Elke klas gebruik 'n rooikaartboekie.
3. Skryf al die leerlinge in u klas alfabeties volgens klaslys in boek. Dit vergemaklik om die leerder se naam te kry. Daar moet van elke leerder rekord gehou word.
4. Die klasleier dra hierdie boekie saam hulle terwyl hulle wissel. Aan die einde van die dag word die boek op die registeronderwyser se tafel geplaas voor hy/sy hui toe gaan.
5. Elke personeellid wat 'n probleem met 'n leerling het, skryf 'n inskrywing in die rooikaartboek. Die onderwyser wat 'n inskrywing maak, moet onder sy/haar vakgebied 'n A, B of C maak na gelang van die oortreding.
  - A: Tuiswerk nie gedoen/voltooi nie.
  - B: Leermateriaal/Skryfbehoeftes nie by die skool nie.
  - C: Dissipline
6. Vlak 1 en 2 oortredings.
7. Daar mag meer as een inskrywing per dag gemaak word. Datum word slegs een keer aangedui.
8. Rooikaartboek word weekliks deur die registeronderwyser gekontroleer.
9. Na 3 of meer inskrywings in hierdie boek trek die voogonderwyser 'n rooi streep en skryf 'n inskrywing in die huiswerkboek onder die rooikaarte.
10. Daar mag slegs 1 rooikaart per dag gegee word. Maak nie saak of die leerder meer as 3 inskrywings het nie.
11. Na die 5de rooikaartinskrywing in die huiswerkboekie, kontak die registeronderwyser die ouer.

12. Na die 8ste, 12de en 15de inskrywing word die boekie na die dissiplinêre hoof gestuur. Hy maak 'n aantekening vir detensie op die rekenaar, skriftelike brief en verhoor.
13. Aan die einde van die maand word boeke na die dissiplinêre hoof gestuur wat dit op die rekenaar inlees.
14. Geen leerder mag 'n aanduiding van rooikaarte aan personeel gee nie.
15. Kanselleer van rooikaarte: Slegs die personeel wat die rooikaart geskryf het, die Departementshoof en die hoof mag 'n rooikaart kanselleer. Teken daarby en skryf rede vir kansellasie.
16. Naskool: In elke klas is daar 'n geelboek vir die klas se oortredings. Naskoolkinders plak 'n geel vorm agter in die huiswerkboekie. Die geelbriewe word slegs tydens naskool gebruik.
17. Vlak 3 oortredings word direk aan die dissiplinêre hoof gerapporteer.
18. Geen leerling mag in rooikaartboek skryf nie.

## **GEDRAGSKODE VIR LEERDERS**

### **Deel 1**

#### **Etiekkode**

Ek verbind my plegtig tot die grondwet van die Republiek van Suid – Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek bevind my daartoe om:

- Die waardes van die skool ten alle tye uit te leef;
- Hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van **Pietersburg Laerskool** getrou na te kom;
- Hoë morele en etiese standarde te handhaaf;
- Daarna streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- My skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- Die hoflike en respek teenoor alle personeel, medeleerder en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20\_\_

\_\_\_\_\_

**Leerder**

Oortredings word in die volgende drie (3) kategorieë verdeel:

<b>Vlak 1 oortredings</b>	<b>Kode</b>
Leerder daag laat op vir klas	1 – 01
Leerder verlaat die klas sonder toestemming.	1 – 02
Leerder oortree die klasreëls	1 – 03
Leerder se haarstyl nie volgens voorskrifte nie	1 – 04
Leerder se skooldrag nie volgens voorskrifte nie	1 – 05
Leerder bemors die terrein / klaskamer	1 – 06
Leerder skryf briefies	1 – 07

<b>Vlak 2 oortredings</b>	<b>Kode</b>
Leerder ontwrig die onderrig tydens lesperiode	2 – 01
Leerder is oneerlik.	2 – 02
Leerder bly in gebreke om tuiswerk te doen/boeke tuis	2 – 03
Leerder verlaat die skoolterrein sonder toestemming	2 – 04
Leerder rand mede-leerders verbaal aan	2 – 05
Leerder beskadig eiendom of mede leerders se besittings	2 – 06
Leerder betrokke by wangedrag skool / sport / uitstappies	2 – 07
Leerder ignoreer eksamenreëls	2 – 08
Leerder skryf graffiti	2 – 09
Leerder vloek / laster sonder provokasie	2 – 10
Leerder inbesit van 'n selfoon tydens skoolure/naskool	2 – 11

### **Vlak 3 oortredings**

Leerder pleeg erge vandalisme	3 – 01
Leerder beseer mede-leerder deur aanranding	3 – 02
Leerder in besit van gevaarlike wapen	3 – 03
Leerder in besit van sigarette of betrokke	3 – 04
Leerder in besit van alkohol of betrokke	3 – 05
Leerder in besit van pornografie of betrokke	3 – 06
Leerder betrokke by seksuele teistering	3 – 07
Leerder betrokke by diefstal	3 – 08
Leerder in besit van dwelms of betrokke	3 – 09
Leerder versuim 2X om aan te meld vir detensie	3 – 10
Leerder ondermyn die gesagsfigure/ strukture aan die skool	3 – 11
Leerder maak hom/haar meer as 4X skuldig aan vlak 2 oortredings	3 – 12
Leerder skuldig aan onsedelike afstootlike gedrag	3 – 13
Leerder betrokke by ernstige viktimisasie of afknouery	3 – 14
Leerder skryf en skets dinge met 'n seksuele konnotasie	3 – 15
Leerder voer gesprekke met 'n seksuele konnotasie	3 – 16
Leerlinge betrokke by ontbloting	3 – 17

## Remediërende Optrede :

Indien 'n Vlak 1 of Vlak 2 oortreding begaan word, word die volgende aksie geneem:

1. Elke leerder ontvang 'n huiswerkboekie.
2. In die huiswerk boekie verskyn 2 rooi kaarte waarop personeel inskrywings doen vir vlak 1 of vlak 2 oortredings.
3. Ouers moet daagliks na die rooi kaarte kyk.
4. Na 5 inskrywings word die ouer gekontak.
5. Na 8 inskrywings('n verdere 3) word 'n onderhoud met die ouer gehou en die leerder word in kennis gestel van sy/haar opkomende detensie.
6. NA 10 inskrywings('n verdere 2) word 'n skriftelike waarskuwing uitgereik en detensie word herhaal.
7. Na 12 inskrywings('n verdere 2) word 'n dissiplinêre verhoor gehou.
- 8. Indien die huiswerkboekie verlore gaan, word die gesin R50 beboet,'n nuwe boekie word uitgereik, en die leerder word in kennis gestel van sy/haar opkomende detensie.**
9. Enige ernstige oortredings ( Vlak 3 oortredings ) word direk na die DPO verwys en die nodige dissiplinêre aksie sal met die hoof en dissiplinêre komitee bespreek word.
10. Detensies geskied op Vrydae vanaf 13:30 tot 16:00. Gesinne word vooraf in kennis gestel. Minagting van die prosedure lei tot onmiddellike tydelike skorsing tot datum van verhoor.
11. Tydens detensie moet betrokke leerders uitskryfwerk doen nl. Akademiese feite en 'n bepaalde positiewe gedragskode/norm.
12. Indien 'n leerder 'n selfoon of kaarte/speelgoed skool toe bring sal dit gekonfiskeer word en eers aan die einde van die kwartaal aan die betrokke leerder terug besorg word.

Die volgende byvoegings ten opsigte van die dissiplinêre maatreëls van Pietersburg Laerskool.

'n Leerling wat hom/haar herhaaldelik skuldig maak aan vlak 1 en vlak 2 oortredings sal die volgende voorregte ontnem word:

1. Enige leerling wat vir die derde maal aan gemeld word vir detensie sal die voorreg ontnem word om enige Opvoedkundige uitstappies of ekskursies by te woon. Dit sluit die volgende in: Graad 6 Toer , Graad 7 afskeid of enige ander toer of uitstappie wat deur die skool gereël word.
2. Geen Sokkies, Speletjiesdae, Tentedorp, Filmsessies of enige ander aktiwiteit wat die skool as ontspanning ag of aanbied mag bygewoon word nie. Dit sluit die dra van gewone klere tydens die laaste skooldag van die kwartaal in.
3. 'n Leerling wat vir die derde maal aangemeld word vir detensie sal ook nie in aanmerking kom vir enige Meriete toekennings nie en sal die voorreg ontnem word om enige toekenning op die verhoog tydens 'n Meriete of Prysuitdelings aand te ontvang. So 'n leerling kan nie in aanmerking kom vir enige van die top toekennings wat tydens so aand gemaak word bv. Rugbyspeler van die jaar ens.
4. 'n Leerling wat vir die derde maal aangemeld word vir detensie sal ook die voorreg ontnem word om in aanmerking te kom om 'n Leier aan Pietersburg Laerskool te word. So 'n leerlinge se naam sal nie op enige stemlys verskyn nie.

### Vlak 3 Oortredings

1. Enige leerling wat 'n vlak 3 oortreding begaan en voor die dissiplinêre komitee van die skool skuldig bevind word sal al die voorregte soos hier bo vermeld ook ontnem word.
2. Elke leerling begin aan die begin van die jaar met 'n skoon rekord en rooikaarte is nie oordraagbaar van een jaar na 'n volgende jaar nie. Daar sal egter rekord gehou word van alle oortredings wat deur 'n leerder gedurende sy/haar skoolloopbaan aan Pietersburg Laerskool begaan is.

## **Positiewe gedrag**

Positiewe gedrag getuig van 'n christelike waarde sisteem en gan gevolglik beloon word:

1. In die huiswerkboekie verskyn groen kaarte. Hierop dui personeel positiewe gedrag aan met 'n inkrywing.
2. Met 20 inskrywings kry leerders erkenning in Maandae sal openinge.
3. Met 40 inskrywings word die betrokke leerders op 'n spesiale uitstappie geneem.
4. Inskrywings word in aanmerking geneem vir die junior leier kortlys.
5. Inskrywings verval jaarliks.

## **Skooldrag**

Somersdrag: Seuns          Somerdrag: Dogters

Kort Khaki-hemp en –broek

Lang grys skoolkouse en swart skoene.

Met uitsonderlike gevalle soos deur afrigters van verskeie sporte en/of onderwysers bepaal en met die hoof se goedkeuring kan:

Pietie golphemp en navy PT-broek of skoolsweetpakbroek en tekkies.

Skoolrokkie met kort wit kouse en swart skoene.

Met uitsonderlike gevalle soos deur afrigters van verskeie sporte en/of onderwysers bepaal en met die hoof se goedkeuring kan:

Pietie golphempie en skoolsweetpakbroek;

(Netbal / Hokkie rompie opsioneel indien onderwysers so reël) met kouse en tekkies.

Wintersdrag: Seuns          Wintersdrag: Dogters

Skoolsweetpak met Pietie-gholfhempie.

Lang grys skoolkouse en tekkies

(Skooltrui of “pullover” opsioneel)

OF

Khakihemp en broek met lang grys skoolkouse en swart skoene. (Skooltrui of “pullover en/of sweetpakbaadjie opsioneel)

Geen leerder mag ‘n sweetpak dra sonder dat hy/sy tekkies aan het nie!

Geen leerder mag hulle skoolsweetpakbaadjie om hul lyf vasbind nie!.

Tekkies is drafskoene. Geen ander “tekkies” sal toegelaat word nie.

Skoolsweetpak met Pietie-gholfhempie. Lang grys- of wit skoolkouse en tekkies

(Skooltrui of “pullover” opsioneel)

OF

Skoolrokkie met lang grys skoolkouse en swart skoene. (Skooltrui of “pullover en/of sweetpakbaadjie.

Geen leerder mag ‘n sweetpak dra sonder dat hy/sy tekkies aan het nie!

Geen leerder mag hulle skoolsweetpakbaadjie om hul lyf vasbind nie!.

Tekkies is drafskoene. Geen ander “tekkies” sal toegelaat word nie.



### **Skooldrag vervolg:**

Die Junior-leiers mag sy/haar Junior-leierbaadjie (amptelike blou skoolbaadjie) dra saam met die skoolklere (khaki's of rok) in die plek van 'n skoolsweetpak.

Die skoolhoof kan besluit en bepaal wanneer ander drag as skooldrag gedra mag word.

### **SPORTDRAG:**

Rugby: Navy broekie en amptelike gholfhempie van die skool.  
Trui word deur die afrigter voorsien.

Hokkie: Meisies: Blou rompie, gholfhempie en hokkiekouse.  
Seuns: Groen PT-broek, gholfhemp en hokkiekouse

Netbal: Amptelike blou rompie en netbal hempie (sonder moue)

Landloop: Die atletiekhempie en –broekie.

Krieket: Wit hempie en wit broek, of groen kort broek met skool-gholfhemp en wit kouse.

Tennis: Meisies: “Netbalrompie” en gholfhempie  
Seuns: Gholfhempie en navy PT-broek.

## **SKOOLDRAG VERVOLG:**

Punte van belang:

1. Alle drag soos vermeld moet deur die skool se klerewinkel aangekoop word.
2. Die eerstespanne van die onderskeie sportsoorte bepaal saam met die betrokke organiseerder en afrigter die drag vir die span vir die jaar. Die drag moet egter die hoof se goedkeuring ook wegdra.
3. Die drag wat gedra word na byeenkomste en tydens byeenkomste wanneer nie gespeel word nie, word deur die sportorganiseerder bepaal, wat sal toesien dat die drag eenvormig is.

Rokke:

Roklengte – nie korter as 4 vingers bo die knie.

Slegs “navy hotpants” onder die rokke

Kouse:

Geen “secretsocks”

Wit omgevoude enkelsokkies

Wit / grys skoolkouse by skoolsweetpak

Skoene:

Slegs swart skoolskoene.

Geen “sneakers”/platvorm skoene

Wit/navy tekkies by skoolsweetpak

LW! Januarie tot April en September tot November – Somersdrag

Mei tot Augustus – Wintersdrag

## **NETHEID:**

Naels:

Kort, skoon en netjies.

Mag nie oor vingerpunte steek nie.

Geen naelpolitoer.

Juwele:

Slegs horlosies, seëlringe, oorbelle en allergie bandjies word toegelaat

Horlosies – geen armband / krale horlosies ( Wel leer, plastiek goud of silwer band horlosies).

Oorbelletjies slegs ringetjies (10mm) of klein knoppies – goud of silwer) Slegs 1(een) oorbel per oor!

Geen ander rekkies om die arms.

## **HARE:**

Seuns:

- Netjies, skoon en gekam
- Geen gel, waks of kleur
- Kuif wat in die oë hang moet gesny word.
- Hare wat aan die ore / kraag raak moet gesny word.
- Hare mag nie langer as 4cm wees nie.
- Hare wat regop staan (so gestyleer) is ontoelaatbaar.

Dogters:

- Netjies, skoon en gekam / geborsel
- Geen kleur of sonstrepe – indien oortree het leerder 5 dae tyd om die probleem reg te stel.
- Geen slierte, alles netjies weggebind en vasgesteek.
- Hare wat aan die onderpunt van die kraag raak is te lank – moet gesny word.
- Wanneer leerling skryf / werk mag die hare nie in die oë hang nie.
- Slegs navy, goud, silwer en bruin bykomstighede (geen “butterflies”)

LW! Leerlinge met kopluisse word onmiddellik huis toe gestuur.

Hiermee verklaar ek \_\_\_\_\_ Gr \_\_\_\_\_ dat ek kennis neem van die skool se gedragkode en dat ek my aan die skoolreëls onderwerp.

\_\_\_\_\_  
Naam & Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

Hiermee verklaar ek \_\_\_\_\_, ouer van \_\_\_\_\_ dat ek kennis neem van die skool se gedragkode en dat ek my aan die skoolreëls onderwerp.

\_\_\_\_\_  
Naam & Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum